higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT

# KOSTE- EN BESTUURSREKENINGKUNDE N5

(4010185)

**14 Oktober 2020 (X-vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye en 'n antwoordboek van 12 bladsye.**

248Q1B2014

Kopiereg voorbehou

# DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
KOSTE- EN BESTUURSREKENINGKUNDE N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Beantwoord die vrae in die ANTWOORDBOEK wat verskaf is.
5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.20) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Die koste wat aangegaan is om 'n bestelling van 'n klant te ontvang en die afgewerkte goedere aan die klant te lewer, staan as ... bekend.

A verkoopskoste
B administrasiekoste
C produksiekoste
D verkoops- en administrasiekoste

1.1.2 Die totale vaste koste ...

A bly konstant selfs al verander die volume wat geproduseer word.
B verander wanneer die produksievlakke verander.
C is koste wat konstant verander.
D verander in verhouding tot die volumes wat geproduseer word.

1.1.3 Bestuursrekeningkunde gaan oor die voorsiening van inligting aan ...

A mense wat nie deel van die maatskappy is nie.
B mense wat deel van die maatskappy is.
C krediteure.
D die regering.

1.1.4 Finansiële rekeningkunde ...

A veskaf inligting aan interne gebruikers.
B fokus op die departemente in die maatskappy.
C veskaf inligting aan eksterne gebruikers.
D verskaf inligting aan die maatskappy se werknemers.

1.1.5 Eiendomsbelasting en diensgeld wat aan munispialiteite betaal word, word as ... beskou.

A primêre koste
B produksietydkoste
C vaste koste
D proseskoste

1.1.6 Die volgende formule word gebruik om die bestelpunt te bereken:

A Bedrag van die voorraad wat nodig is minus neweprodukte.
B Maksimum produksiemateriaal plus vervaardigingsbokoste.
C Maksimum besteltyd maal die maksimum gebruik.
D Hoeveelheid materiaal benodig minus die hoeveelheid materiaal gebruik.

1.1.7 Die EIEU-voorraadwaardasiemetode ('FIFO method') beteken dat voorraad ...

A wat eerste aangekoop is, laaste uitgereik word.
B wat eerste aangekoop is, eerste uitgereik word.
C teen die gemiddelde prys uitgereik word.
D teen kosprys uitgereik word.

1.1.8 Die oordra van afgewerkte goedere vanaf die fabriek word soos volg in die algemene grootboek aangeteken:

A Debiteer afgewerkte-goedere-beheer en krediteer produksiekontrole.
B Debiteer koste van verkope en krediteer afgewerkte-goedere-beheer.
C Debiteer produksiekontrole en krediteer afgewerkte goedere.
D Debiteer materiaalkontrole en krediteer afgewerkte goedere.

1.1.9 ... rekeningkunde plaas minder belang op akkuraatheid en meer op ander aspekte soos geldwaarde.

A Interne
B Finansiële
C Koste-
D Bestuurs-

1.1.10 Primêre produksiekoste bestaan uit ...

A direkte materiaal plus omsettingskoste.
B direkte materiaal plus direkte arbeidskoste.
C direkte arbeid plus omsettingskoste.
D direkte materiaal plus vervaardigingsbokoste.

1.1.11 Joel Designs is versoek om 'n tafel volgens 'n klant se spesifikasies te vervaardig. Die kosteberekening vir hierdie bestelling staan as ... kosteberekening bekend.

A proses-
B taak-
C primêre
D produk-

1.1.12 Die koste wat met inkomste op 'n tydperkbasis vergelyk word, staan as ... bekend.

A versonke koste
B tydkoste
C veranderlike koste
D vaste koste

1.1.13 Produksiekoste is ...

A die koste wat by die vervaardiging van 'n produk betrokke is.
B die toekomskoste wat deur 'n besluit verander sal word.
C die koste wat met 'n gegewe rekeningkundige tydperk eerder as 'n bepaalde produk verband hou.
D daardie koste wat gespaar mag word deur 'n bepaalde alternatief nie te aanvaar nie.

1.1.14 Me Venter word volgens 'n stukloonstelsel betaal en haar lone word soos volg bereken:

A Eenhede geproduseer maal die koers per eenheid
B Ure gewerk maal die koers per uur
C Eenhede geproduseer maal die koers per uur
D Ure gewerk maal die koers per eenheid

1.1.15 Produktiwiteit is 'n belangrike element in die bestuur van 'n onderneming, maar tyd kan vir verskillende redes verlore gaan, soos masjiene wat breek, opeenhopings en 'n gebrek aan materiaal. Hierdie tyd staan as ... bekend.

A Produksietyd
B oortyd
C staantyd
D onproduktiewe tyd

1.1.16 Huur van die fabriek word as ... beskou.

A produkkoste
B veranderlike koste
C werklike vervaardigingsbokoste
D B en C

1.1.17 Die volgende maak deel van loonkontrole uit:

A Beplanning
B Leiding
C Organisasie
D Personeelrekords

1.1.18 Die algemene grootboek vir die aanteken van onderverhaling van vervaardigingsbokoste is:

A Debiteer koste van verkope, krediteer vervaardigingsbokostekontrolerekening.
B Debiteer vervaardigingsbokostekontrolerekening, krediteer koste van verkope.
C Debiteer koste van verkope, krediteer afgewerkte-goedere-kontrolerekening.
D Debiteer koste van verkope, krediteer voorraad (handelsvoorraad).

1.1.19 Die algemene grootboek om die oorverhaling van vervaardigingsbokoste aan te teken is:

A Debiteer koste van verkope, krediteer vervaardigingsbokostekontrolerekening.
B Debiteer vervaardigingsbokostekontrolerekening, krediteer koste van verkope.
C Debiteer koste van verkope, krediteer afgewerkte-goedere-kontrolerekening.
D Debiteer koste van verkope, krediteer voorraad (handelsvoorraad).

1.1.20 Onvoltooide werk is ...

A werk waarmee daar nog nie begin is nie.
B werk wat deur die argitek goedgekeur is.
C werk wat nog nie voltooi is nie.
D voltooide werk.

(20 × 2) (40)

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | Indirekte arbeid | A | produksiewerknewers se lone |
| 1.2.2 | Bestelpunt | B | verskaf inligting wat vir die maatskappy se aandeelhouers van belang is |
| 1.2.3 | Leiding | C | is die stel van doelwitte en die planne om hierdie doelstellings en doelwitte te bereik |
| 1.2.4 | Omsettingskoste | D | voorrad moet 'n bepaalde punt bereik voordat 'n nuwe bestelling geplaas kan word |
| 1.2.5 | Direkte arbeid | E | produksiebestuurder se salaris |
| | | F | die vaardigheid om mense te motiveer en beïnvloed om saam te werk |
| | | G | direkte arbeid plus vervaardigingsbokoste |

(5 × 2) (10)

1.3 Omskryf die volgende begrippe:

1.3.1 Buffervoorraad

1.3.2 Toegepaste vervaardigingsbokoste

1.3.3 Stukloonstelsel

1.3.4 Byvoordele

1.3.5 Finansiële state

(5 × 2) (10)
**[60]**

**TOTAAL AFDELING A: 60**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING B

## VRAAG 2

2.1 Jy is die koste-en-bestuursrekenmeester van Huletts Vervaardigers en jy het die volgende inligting oor item LVT102 ontvang.

Sash Tree Bpk benodig per jaar 30 000 ton van die materiaal, LVT102, wat teen 'n konstante koers gebruik word. Die bergingskoste per liter is R10,00 per jaar, maar dit het onlangs met 15% toegeneem. Die bestelkoste per ton was R20, maar dit het met 20% toegeneem. Die maksimum besteltyd is 3 weke terwyl die minimum besteltyd 1 week is. Die maatskappy is 40 weke per jaar in bedryf.

Die maksimum verbruik is 2 500 ton per week en die minimum verbruik is 1 500 ton per week.

VERLANG (toon alle formules en berekeninge):

2.1.1 Bereken die bestelpunt (4)

2.1.2 Bereken die ekonomiese bestelhoeveelheid (9)

2.1.3 Bereken die maksimum voorraad (5)

2.2 Jakaranda Vervaardigers het tydens September vanjaar die volgende transaksies ten opsigte van voorraaditem, LL001, aangegaan:

| | |
|---|---|
| 01 | Beginvoorraad voor hande was 'n totaal van 280 eenhede @ R18 elk |
| 03 | 600 eenhede @ R10,00 is aangekoop |
| 09 | 210 eenhede is na die fabriek oorgedra |
| 12 | 900 eenhede @ R15,00 is aangekoop |
| 15 | 200 eenhede is aan die fabriek uitgereik |
| 19 | 800 eenhede is weens gebreke aan die verskaffer teruggestuur (dit is op 12 September ontvang) |
| 25 | 100 eenhede is na die produksiedepartement oorgedra |
| 30 | 230 eenhede @ R19,00 elk is aangekoop |

VERLANG:

Bereken die waarde van materiaal LL001 deur die eerste-in-eerste-uit-metode te gebruik.
(Rond alle bedrae tot twee desimale plekke af.) (20)
**[38]**

**VRAAG 3**

Die volgende is 'n uittreksel uit die weeklikse betaling van 'n werknemer, Mnr S Gumede, vir die week geëindig 24 Januarie 2020.

| | |
|---|---|
| Normale werksure per week: | 40 uur |
| Ure gewerk: | 46 uur |
| Eenhede geproduseer: | 2 500 |
| Normale loon per uur: | R150 |
| Oortydkoers: | 1½ maal gewone koers |
| Produksiebonus vir elke 100 eenhede geproduseer: | R100 |

| |
|---|
| Pensioenfonds:<br>• Die werkgewer dra 27,5% van sy bruto vergoeding by.<br>• Die werkgewer dra 50% van die werknemer se bydrae by. |
| Mediese fonds, werknemerbydrae:<br>• Die werknemer dra R500 tot sy mediese fonds by en sy werkgewer dra R2 by vir elke R1 wat die werknemer bydra. |
| Inkomstebelasting (LBS):<br>• 18% van die bruto loon nadat pensioen afgetrek is. |
| Mnr Gumede en sy werkgewer dra volgens wetgewing tot die WVF by. |

VERLANG (toon alle berekeninge):

3.1 Bereken Mnr S Gumede se netto loon vir die week geëindig 24 Januarie 2020. (23)

3.2 Bereken die werkgewer se bydrae tot die werknemer se mediese fonds. (3)

3.3. Bereken die werkgewer se bydrae tot die werknemer se WVF. (3)

3.4 Bereken die werkgewer se bydrae tot die werknemer se pensioen. (3)
**[32]**

## VRAAG 4

Die volgende verskyn in die boeke van Hand Trowel Vervaardigers:

| Saldo's op 1 Januarie 2019 | Rand |
|---|---|
| Grondstowwe | 382 000 |
| Onvoltooide werk | 122 000 |
| Afgewerkte goedere | 328 000 |

**Opsomming van transaksies vir die jaar geëindig 31 Desember 2019**

| | Rand |
|---|---|
| Grondstowwe op krediet gekoop | 2 250 000 |
| Grondstowwe aan die fabriek uitgereik | 1 925 000 |
| Vervoerkoste van aankope | 453 000 |
| Arbeid: direk | 1 250 000 |
| Arbeid: indirek | 743 000 |
| Huur: fabriek | 845 000 |
| Versekering: fabriek | 960 000 |
| Onderhoud op aanleg | 320 000 |
| Waardevermindering op aanleg | 108 000 |
| Koste van afgewerkte goedere verkoop | 3 259 000 |
| Verkope (afgewerkte goedere verkoop) | 4 875 000 |
| Eindsaldo van onvoltooide goedere op 31 Desember 2019 | 112 000 |

BYKOMENDE INLIGTING:

Vervaardigingsbokoste word teen 85% van direkte arbeidskoste toegeken.

VERLANG:

Stel die volgende algemene-grootboekrekeninge in die geïntegreerde rekeningkundige stelsel op:

4.1 Grondstofkontrole (6)

4.2 Vervaardigingsbokostekontrole (10)

4.3 Produksiekontrole (8)

4.4 Afgewerkte-goedere-kontrole (5)

4.5 Koste van verkope (4)

**[33]**

**VRAAG 5**

5.1 Die volgende inligting verskyn in die boeke van Bargain Vervaardigers vir die jaar geëindig 30 November 2019:

| Detail | Rand |
|---|---|
| Netto wins | 543 000 |
| Onvoltooide werk | 40 000 |
| Afgewerkte-goedere-voorraad | 46 000 |
| Handels- en ander krediteure (krediteurekontrole) | 10 000 |
| Kleinkas | 8 000 |
| SARS | 41 000 |
| Handels- en ander ontvangbare rekeninge (debiteurekontrole) | 163 000 |
| Bankrekening | 89 000 |
| Grond en geboue | 1750 000 |
| Toerusting | 450 000 |
| Voertuie | 800 000 |
| Trekkings | 65 000 |
| Langtermynlening | 90 000 |
| Kapitaal | 2727 000 |

VERLANG:

Stel die staat van finansiële posisie (balansstaat) op van Bargain Vervaardigers soos op 30 November 2019. (25)

5.2 Die kosterekenmeester van Tulip Vervaardigers het die volgende koste vir die jaar 2019 beraam:

| | |
|---|---|
| Begrote vervaardigingsbokoste vir die jaar | 3 420 000 |
| Begrote eenhede | 38 000 eenhede |
| Begrote direkte materiaalkoste per eenheid | R85,00 |
| Begrote direkte arbeidskoste per eenheid | R145,00 |
| Begrote arbeidsure per eenheid | 6 uur |
| Begrote masjienure per eenheid | 3 uur |

VERLANG:

Bereken die volgende (toon alle formules en berekeninge):

5.2.1 Die bokostetoepassingskoers ('overhead application rate') deur die direkte arbeidsure as basis te gebruik (4)

5.2.2 Die bokostetoepassingskoers deur direkte arbeidskoste as basis te gebruik (4)

5.2.3 Die bokostetoepassingskoers deur die begrote eenhede as basis te gebruik (4)

**[37]**

**TOTAAL AFDELING B: 140**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou